# DIE WOORDE EN WERKE VAN JESUS

## Die Opstanding en die Lewe

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wat bring vir jou baie vreugde en vervulling in die lewe?**

**Hoe dink jy tree mense op wat nie vervulling in hulle lewe beleef nie? Wat dink jy is algemene "simptome" daarvan? Verduidelik jou antwoord.**

**Wat het vir jou uitgestaan van die afgelope Paasnaweek en jou ervaring saam met die Here?**

**Wat dink jy van die stelling: "*Christenskap is gebou om die opstanding van Jesus*"?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Efesiërs 2:1 en Kolossense 2:13. Wat is die gevolg van sonde? Hoe sal jy hierdie verse aan 'n ongelowige persoon verduidelik?**

**Titus 3:5; Hosea 6:2; Efesiërs 2:5; Kolossense 2:13 en Johannes 3:3. Hoe kry ons nuwe lewe volgens hierdie verse? Beskryf die verse dieselfde dinge of verskil dit van mekaar?**

**Hoe het jy self al nuwe lewe in Christus beleef? Wat dink jy is duidelike tekens van nuwe lewe in Christus?**

**Johannes 10:10. Hoe sal jy hierdie vers vir 'n ongelowige persoon verduidelik?**

**Lees Handelinge 5:20. Hoe sal dit in jou wêreld lyk om oor hierdie boodskap van nuwe lewe te getuig? Hoe kan jy uitreik na mense in jou lewe wat nog nie hierdie boodskap aanvaar het nie? Wat kan jy hierdie week doen?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**